

4. 'n FENOMEENANALISE VAN DIE VERSKYNSEL OUER-ONDERWYSERKONTAK AS TOETS VIR DIE SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL

4.1 Inleiding

Tot dusver is daar in hierdie navorsing histories-filosofies uitgekom by 'n Skrifgefundeerde samelewingsteoretiese model (Hoofstuk 2) en so 'n filosofiese samelewingsteoretiese sleutel is in Hoofstuk 3 geformuleer. Dit is egter, voordat die samelewingsteoretiese model as toetsmaatstaf vir die evaluering van ouer-ouderwyserkontak in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis sowel as in ander lande (vgl. Hoofstuk 5) aangewend word, noodsaaklik om in hierdie hoofstuk 'n ondersoek te loods ten einde die aanvaarbaarheid van die samelewingssteoretiese model as toetsmaatstaf te verifieer.

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om ouer-ouderwyserkontak as verskynsel te ontleed. Dié analise van die verskynsel gaan met die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 geformuleer is, vergelyk word. Deur die vergelyking gaan daar gepoog word om die lewensvatbaarheid en praktiese werkbaarheid (aldan nie) van die samelewingsteoretiese model sover as moontlik bo verdenking te plaas. Die aanvaarbaarheid van die samelewingsteoretiese model as meetinstrument vir ouer-ouderwyserkontak (vgl. Hoofstukke 5 en 6) word in hierdie hoofstuk dus eksplisiet aan die hand van 'n analise van die fenomeen *ouer-ouderwyserkontak* getoets.

4.2 'n Analise van ouer-ouderwyserkontak as verskynsel

4.2.1 Oriëntering

Vir hierdie akademies-teoretiese oefening word daar uitgegaan van die voorwetenskaplike bewustheid dat daar 'n verskynsel soos ouer-ouderwyserkontak in die leefwêreld van die mens *bestaan*. Wanneer hierdie ondersoek 'n aanvang neem, dit wil sê, wanneer die ontologiese vraag gestel word: *wat is ouer-ouderwyserkontak?*, dan word die terrein van die voorwetenskaplike verlaat. Deur so 'n ontleiding van ouer-ouderwyserkontak as verskynsel, kan die *wese* van hierdie verskynsel, dit wil sê, *wat ouer-ouderwyserkontak is, die grondtrekke daarvan*¹⁾, vasgestel word.

1) Die grondtrekke van die verskynsel ouer-ouderwyserkontak is die universele eienskappe daarvan. Die opvoedkundige kyk by die partikuliere ouer-ouderwyserkontakhandeling verby en soek na die universele eienskappe van die verskynsel ouer-ouderwyserkontak, met ander woorde, daar word gesoek na die trekke wat aan *alle* ouer-ouderwyserkontakhandeling gemeenskaplik is. Dit is egter belangrik om te onthou dat ouer-ouderwyserkontak eers tot lewe kom in die verbinding tussen die grondtrekke as universaliteite en die ander partikuliere eienskappe van ouer-ouderwyserkontak (Van der Walt en Dekker, 1983: 113-115).

Nadat hierdie weg van fenomeenanalise gevolg is, dus nadat ouer-onderwyser-kontak na sy wese, manifestasies (aard) en grondtrekke ontleed en uiteengesit is, word gepoog om hierdie gevonde universele eienskappe daarvan in 'n definisie saam te vat. (Vgl. Van der Walt en Dekker, 1983: 106-108; Landman, Roos en Van Rooyen, 1974: 1-26 en De Vries, 1980: 12-13 in verband met die metode van fenomeenanalise).

4.2.2 Die grondtrekke van ouer-onderwyserkontak

Die ontisiteit van ouer-onderwyserkontak staan bo alle twyfel, want reeds sedert die vroegste jare (vgl. Hoofstuk 2) het ouers en onderwysers in 'n mindere of meerdere mate met mekaar kontak waar die skoolse opvoedende onderwys van hulle kinders ter sprake is. In Hoofstuk 5 word aangetoon dat ouer-onderwyserkontak hom nie net in die Republiek van Suid-Afrika as verskynsel openbaar nie, maar ook in die Verenigde State van Amerika, in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland, en sover vasgestel kon word - oral waar daar ouers en onderwysers is. (Vgl. Barnard, 1981; Hattingh, 1975 en 1978; Beattie, 1978 en Dekker, 1979 en 1981).

4.2.2.1 'n Ontleding van ouer-onderwyserkontak as verskynsel

'n Ontleding van ouer-onderwyserkontak as verskynsel bring die volgende universele eienskappe (grondtrekke) daarvan aan die lig¹⁾:

- * Ouer-onderwyserkontak is 'n verskynsel wat in die menslike leefwêreld aange-tref word. Die feit dat 'n mens ouer-onderwyserkontak as verskynsel kan onderskei, dui op die ontisiteit daarvan. Die ontisiteit van ouer-onderwyserkontak as verskynsel is dus die eerste grondtrek daarvan.
- * Ouer-onderwyserkontak vind altyd tussen minstens twee mense plaas, naamlik tussen 'n ouer en 'n onderwyser.
- * Die feit dat ouer-onderwyserkontak kenbaar en ontleedbaar is, is nog 'n grondtrek van dié verskynsel. Alhoewel dit 'n abstrakte verskynsel is, vind dit konkreet gestalte waar ouers en onderwysers mekaar ontmoet en waarneembaar kontak maak.

1) Sover vasgestel kon word, is ouer-onderwyserkontak as verskynsel *nog nie* op hierdie wyse ontleed nie, daarom is die grondtrekke wat gegee word die resultaat van eie bedinking en besinning.

- * In die kontak tussen ouers en onderwysers speel die kind en sy belange altyd 'n belangrike rol, want die kind is die geslag van die ouer en is 'n leerling van die onderwyser.
- * Aangesien onderwysers die ouers behulpsaam is met die opvoedende onderwys van laasgenoemde se kinders, sal kontak tussen ouers en onderwysers altyd die opvoedende onderwys van die kind ten doel hê.
- * Die kontak tussen ouers en onderwysers is altyd doelgerig. As ouers en onderwysers kontak maak, is dit altyd met die uiteindelijke doel om om te sien na die opvoedende onderwysbelange van die kind.
- * Daar vind altyd kommunikasie plaas tussen ouers en onderwysers as hulle kontak maak. Ouers en onderwysers praat met mekaar en verkeer soms sosiaal as hulle kontak maak in belang van die opvoedende onderwys van die kind.
- * Ouer-onderwyserkontak is altyd gebonde aan die infrastrukture van struktuur en organisasie. Ouers is altyd deel van gestruktureerde en georganiseerde ouerhuse en onderwysers vorm weer deel van gestruktureerde en georganiseerde skole. Die ouer fungeer vanuit die ouerhuis en die onderwyser vanuit die skool as hulle met mekaar kontak maak in belang van die kind.
- * Ouer-onderwyserkontak vind altyd òf op mikro- òf op meso- òf op makro-onderwysvlak plaas. (Vgl. Hoofstuk 6). Ouer-onderwyserkontak is dus ruimtelik gebonde.
- * Daar is altyd 'n vorm van asimmetrie merkbaar in ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak, want òf die ouer verlang inligting van die onderwyser (onderwysersverenigings op mesovlak of sentrale owerhede op makro-onderwysvlak) òf die onderwyser verlang inligting van die ouer oor ouerlike aangeleenthede (op al drie bogenoemde onderwysvlakke).
- * In ouer-onderwyserkontak is daar altyd die een of ander belang van een of ander van die partye ter sprake. Die ouer wil sy ouerlike belange waar dit die kind raak, bevorder en die onderwyser wil sy skool se belange waar dit die leerling raak, uitbou.
- * Ouer-onderwyserkontak vind altyd op 'n bepaalde wyse plaas, dit kan formeel of informeel geskied, of dit kan spontaan of georganiseerd plaasvind. (Vgl. die OOV's, paragraaf 6.1).

- * Ouer-onderwyserkontak vind periodiek plaas. Ouers besoek skole en onderwysers net per geleentheid, en onderwysers besoek ouerhuise en ouers ook net periodiek - soos bepaalde opvoedende onderwysprobleme wat die kind raak, opduik en die aandag van ouers en onderwysers verg.
 - * Ouer-onderwyserkontak is tydgebonde. Ouers en onderwysers ontmoet mekaar op 'n bepaalde (afgesproke) tyd en hulle ontmoeting kan net 'n sekere tyd lank duur. Ouer-onderwyserkontak ter behartiging van die kind se opvoedende onderwysbelange kom ook, wat tyd betref, tot 'n einde wanneer die kind die skool verlaat.
 - * Ouer-onderwyserkontak het altyd 'n eie struktuur of bouplan wat net vir hierdie verskynsel geld. Net soos in die geval van ouerlike opvoeding as verskynsel met sy eie struktuur (vgl. Landman, 1983: 1-6), het ouer-onderwyserkontak ook 'n verhouding-, verloop-, bedrywigheids- en doelstruktuur. Daar bestaan 'n besondere band tussen ouers en onderwysers (hulle dra albei die belange van die kind op hulle harte), want hulle moet mekaar begryp en vertrou en die een moet die gesag van die ander erken. In die verloop van die kontak tussen ouers en onderwysers is die volgende fasette merkbaar:
 - omgang,
 - ontmoeting,
 - opneem van bemoeienisverantwoordelikheid,
 - bemoeienis,
 - terugkeer na omgang en
 - periodieke verlating.
- Ouers en onderwysers is ook bedrywig in hulle kontak met mekaar (vgl. Landman, 1983: 3-4) en streef onder meer doelgerig daarna om die opvoedende onderwys van die kind sinvol, gedra deur 'n bepaalde lewensopvatting, te dien en te bevorder.
- * Ouer-onderwyserkontak het 'n eie rigting wat deur die lewens- en wêreldbeskouing van ouers en onderwysers bepaal word. Die mens kan hom nooit losmaak van sy lewensopvatting nie, sy religieuse hartsgegrepenheid wat sy lewensopvatting bepaal, rig en bestier sy ganse lewe. (Van der Walt en Dekker, 1983: 152; Schoeman, 1979: 153). Daarom sal ouers en onderwysers altyd in hulle kontak in 'n meerdere of mindere mate 'n lewensbeskoulike invloed op mekaar hê. Ouers en onderwysers soek juis kontak met mekaar omdat hulle mekaar wil vind ten opsigte van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing of omdat hulle lewensopvatting juis ooreenstem.

Saaklik saamgevat is ouer-onderwyserkontak 'n verskynsel wat altyd:

- * in die menslike leefwêreld aangetref word;
- * tussen minstens twee mense plaasvind;
- * kenbaar en ontleedbaar is;
- * met die kind en sy belange te make het;
- * in verband staan met die opvoedende onderwys van die kind;
- * doelgerig is;
- * kommunikatief is;
- * gebonde is aan die georganiseerde infrastrukture van ouerhuise en skole;
- * op mikro-, meso, en makro-onderwysvlak plaasvind, dus ruimtelik gebonde is;
- * tussen asimmetriese partye plaasvind;
- * ouer- en/of onderwyserbelange in die oog het;
- * op 'n bepaalde wyse plaasvind;
- * periodiek plaasvind;
- * tydgebonde is;
- * 'n bepaalde struktuur openbaar, en
- * 'n eie rigting het.

'n Definisie van ouer-onderwyserkontak:

Ouer-onderwyserkontak is die georganiseerde kommunikatiewe ontmoeting op 'n bepaalde tyd van ten minste een ouer met ten minste een onderwyser wat in skoolse verband verantwoordelik is vir die kind van daardie ouer se opvoedende onderwys met die doel om die belange van die kind, die ouer of die onderwyser te dien en te bevorder.

4.3 Die samelewingsteoretiese model geverifieer aan die analise van die verskynsel: ouer-onderwyserkontak

4.3.1 *Oriëntering*

Nadat die verskynsel ouer-onderwyserkontak in die vorige paragraaf ontleed en omskryf is, moet die volgende stap geneem word, naamlik die verifiëring van die samelewingsteoretiese model aan die hand van hierdie analise van ouer-onderwyserkontak.

4.3.2 *Die samelewingsteoretiese model getoets aan voorgaande analise van ouer-onderwyserkontak*

4.3.2.1 Inleiding

In die volgende paragraaf word daar van die volgende metode gebruik gemaak: die verskillende komponente van die samelewingsteoretiese model, soos omlin in Hoofstuk 3, word eerstens kortliks gegee, waarna vasgestel gaan word of en hoedanig van die grondtrekke van ouer-onderwyserkontak met elke komponent klop/verskil.

4.3.2.2 God is die soewereine skepper van die ganse kosmos

In die samelewingsteoretiese model soos uiteengesit in Hoofstuk 3 word daar gewys op die soewereiniteit en almag van God, die skepper van hemel en aarde (paragraaf 3.2.2). Die reformatoriese uitgangspunt wat hierdie navorsing ten grondslag lê, impliseer dat God ook die verskynsel ouer-onderwyserkontak gewil het. In al die grondtrekke van ouer-onderwyserkontak erken die Christen-opvoedkundige (i.c. wetenskaplike) die unieke wet van God wat net vir hierdie verskynsel geld. Die apostaties-gerigte mens sal, omdat ook hy 'n religieuse wese is (Van der Walt en Dekker, 1983: 2-3 en Schoeman, 1979: 153), die ontstaan, bestaan en bestemming van ouer-onderwyserkontak as verskynsel aan 'n verabsoluteerde faset van die werklikheid toedig. (Vgl. die religieuse faset van die samelewing, paragraaf 3.2.6.2). Die grondtrek van ouer-onderwyserkontak wat hiermee korrespondeer, is die feit dat ouer-onderwyserkontak altyd 'n eie rigting het wat deur die religieus-bepaalde lewensopvatting van òf die ouer òf die onderwyser òf albei bepaal word.

4.3.2.3 Ouer-onderwyserkontak as tydse verskynsel

In paragraaf 3.2.6.3 is aangetoon dat God, wat ewig is, saam met die kosmos tyd geskape het; daarom is die ganse skepping, ook die verskynsel ouer-onderwyserkontak onderworpe aan tyd. Die grondtrek van ouer-onderwyserkontak wat met hierdie komponent van die samelewingsteoretiese model korrespondeer, is die feit dat ouer-onderwyserkontak tydgebonde is, want ouers en onderwysers het kontak met mekaar op 'n bepaalde tyd en die kontak kan ook net 'n sekere tyd lank duur en vind net periodiek plaas.

4.3.2.4 Ouer-onderwyserkontak as modaalbepaalde verskynsel

Vanaf die meesgekompliseerde tot die minsgekompliseerde modaliteit korrespondeer ouer-onderwyserkontak as verskynsel ten opsigte van al sy grondtrekke op die volgende wyse met die modale faset van die werklikheid (vgl. paragraaf 3.2.6.4):

Tabel 4.1 Ouer-onderwyserkontak as modaalbepaalde verskynsel

Wetskring	Sinkern	Ouer-onderwyserkontak as verskynsel (grondtrekke)
Pistiese	Sekerheid	<ul style="list-style-type: none"> * Ouer-onderwyserkontak is 'n verskynsel wat in die menslike leefwêreld aangetref word, dus 'n ontisiteit, 'n vastheid, 'n sekerheid. * Ouer-onderwyserkontak het altyd 'n eie lewensopvatlike rigting.
Etiese	Liefde=sorg	<ul style="list-style-type: none"> * Ouer-onderwyserkontak het altyd met die kind en sy belange te make, en * het altyd die ouer en/of die onderwyser se belange in die oog.
Estetiese	Skone harmonie	<ul style="list-style-type: none"> * Ouers en onderwysers kommunikeer altyd in hulle kontak met mekaar ter bevordering van die kinders se opvoedende onderwys.
Ekonomiese	Waarde=afweging	<ul style="list-style-type: none"> * Ouer-onderwyserkontak vind altyd plaas met inagneming van tyd(-sbesteding). * Die verskynsel is altyd doelgerig.
Sosiale	Omgang en verkeer	<ul style="list-style-type: none"> * Onderlinge verkeer vind plaas gedurende ouer-onderwyserkontak.
Linguale	Simboliese betekening	<ul style="list-style-type: none"> * Ouers en onderwysers kommunikeer met mekaar gedurende hulle kontak.

Wetskring	Sinkern	Ouer-onderwyserkontak as verskynsel (grondtrekke)
Histo= riese	Kultuur= vormende mag	<ul style="list-style-type: none"> * Ouer-onderwyserkontak vind tussen mense plaas (mense "stig" hierdie kontakhandeling). * Ouer-onderwyserkontak is gebonde aan die georganiseerde infrastrukture van ouerhuise en skole * Ouer-onderwyserkontak het altyd 'n bepaalde struktuur.
Anali= ties- logiese	Anali= tiese onderskei= ding	<ul style="list-style-type: none"> * Ouer-onderwyserkontak is altyd doelgerig. * Ouer-onderwyserkontak vind altyd tussen asimmetriese partye plaas. (Ouers benodig soms inligting van onderwysers of omgekeerd benodig onderwysers soms inligting van ouers). * Die verskynsel is altyd kenbaar en ontleedbaar.
Psigiese	Gevoel	<ul style="list-style-type: none"> * Die (psigiese) belange van ouers en onderwysers word altyd in ouer-onderwyserkontak gedien. * Die (psigiese) belange van kinders is altyd ter sprake by oueronderwyserkontak. * Ouers en onderwysers neem sintuiglik waar gedurende ouer-onderwyserkontak.
Biotiese	Organiese lewe	<ul style="list-style-type: none"> * Net soos by die psigiese modaliteit, is die (biotiese) belange van ouers, onderwysers en veral kinders as lewende wesens by ouer-onderwyserkontak op die spel.
Fisiese	Energie= werking	<ul style="list-style-type: none"> * Ouers en onderwysers is fisiek teenwoordig by ouer-onderwyserkontak.
Kinema= tiese	Beweging, kontinue voortgang	<ul style="list-style-type: none"> * Ouers en onderwysers beweeg na mekaar in belang van die kind.
Ruimte= like	Kontinue uitgebreid= heid	<ul style="list-style-type: none"> * Ouer-onderwyserkontak is plekgebonde, dit vind op mikro-, meso-, en makro-onderwysvlak op 'n bepaalde plek plaas.

Wetskring	Sinkern	Ouer-onderwyserkontak as verskynsel (grondtrekke)
Getalsmatige	Onderskeie hoeveelheid	* Ten minste twee mense is nodig vir ouer-onderwyserkontak en een kind van die twee ouers. Een ouerhuis, een skool, en dies meer.

4.3.2.5 Ouer-onderwyserkontak as unieke verskynsel

In hierdie paragraaf is die beginsel van verskeidenheid, soos bespreek in paragraaf 3.2.6.5, waar dit handel oor die individuele faset van die samelewing ter sprake. Ouer-onderwyserkontak as ontisiteit is uniek, want geen ander verskynsel openbaar presies dieselfde grondtrekke as ouer-onderwyserkontak nie. Die besondere struktuur van hierdie verskynsel soos aangedui in paragraaf 4.2.2 onderskei hom verder van ander verskynsels in die kosmos. Ouer-onderwyserkontak vind ook, afhangende van die religieuse grondmotief wat die handeling van die betrokke partye ten grondslag lê, op verskillende wyses plaas. Elke ontmoetingsituasie is eie aan die religieuse en lewensbeskoulike grondslae van bepaalde mense.

4.4 Samevatting

Na die ontleding van ouer-onderwyserkontak as verskynsel waar al die grondtrekke beskrywe is en met die samelewingsteoretiese model vergelyk is, is dit duidelik dat die samelewingsteoretiese model al die grondtrekke van ouer-onderwyserkontak akkommodeer. Die ondersoek wat in hierdie hoofstuk onderneem is, bring 'n mens tot die slotsom dat die samelewingsteoretiese model 'n lewensvatbare en prakties werkbare model is om as maatstaf aangewend te word om ouer-onderwyserkontak in sowel die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis as in ander lande te evalueer.